# Primêre Skool Jim Fouché
# Beleide

## SOSIALE MEDIA BELEID

**Konteks**

Die Sosiale Media Beleid vorm deel van Primêre Skool Jim Fouché se groter digitale veiligheid en inligtingstegnologie beleid struktuur. By Primêre Skool Jim Fouché, soos reg oor die wêreld, raak leerders, ouers en personeel betrokke by sosiale netwerke en media.

Alhoewel ons by Primêre Skool Jim Fouché die gerief daarvan as kommunikasiemiddel erken, is dit vir die skool as opvoedings instansie, baie belangrik om te alle tye die verantwoordelike gebruik en benutting van sosiale media, tegnologie sowel as die gebruik van alle toestelle met toegang tot die internet, aan te moedig. Sosiale media kan gedefinieer word as enige vorm van aanlyn kommunikasie waartydens daar met meer as een entiteit of persoon in gesprek getree kan word of inligting gedeel kan word. Deel van die opvoedingstaak van ons as onderwys instansie is om ons leerders te lei en te motiveer om in die 21ste eeu vaardig maar, verantwoordelik te wees met tegnologie en kommunikasie.

Met hierdie doel voor oë, wil ons graag die onderstaande beleid voorhou om as riglyn te dien wanneer sosiale media deur leerders, personeel of ouers in assosiasie met die skool, gebruik word.

**Wet raamwerk**

- Hierdie beleid word onder meer gesteun deur: Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
- United Nations Convention on the rights of the Child, 1989.
- Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996(Wet 84 van 1996)
- Wet op indiensneming van opvoeders,1998 (wet 76 van 1998).
- Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005(wet 36 van 2005).
- Wet op Films en Publikasies, 1996(Wet 65 en 1996)
- Wet op Beskerming teen Teistering , 2011 (Wet 17 van 2011) Strafproseswet , 1977 (wet 51 van 1977)
- Wysigingswet op Strafsreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Sosiale Media beleid 3 Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007)
- Wet op Outeursreg , 1978 (wet 98 van 1978)
- Riglyne oor e-veiligheid in skole, Departement van Basiese Onderwys, 2010.
- Protection of Personal Information Act, 2013 (wet 4 van 2013).

### Gebruik goeie oordeel.

1. Ons verwag te alle tye dat goeie oordeel in alle omstandighede waar sosiale media ter sprake sal kom, gebruik sal word – waardes en riglyne wat vir direkte kommunikasie en navorsing geld, sal ook vir aanlyn kommunikasie en navorsing geldig wees.
2. Die skool se waardes behoort in elke aanlyn-gesprek te rig, soos wat dit direkte gesprekke ook rig.
3. Ongeag van enige maatreëls om persoonlike privaatheid te verseker, behoort elke persoon wat deelneem aan sosiale kommunikasie bewus te wees daarvan dat ander mense ook toegang tot enige gesprek kan kry.
4. Goeie oordeel is van kardinale belang indien u enige plasings maak waarby die skool betrek word en u nie deur die skool aangestel of gevra is om die skool amptelik te verteenwoordig nie. Maak seker dat u op die plasing aandui dat dit 'n persoonlike / private uitspraak is en nie die beleid of opinie van die skool of skool se personeel verteenwoordig nie.
5. Die skool as entiteit kan nie betrek word by onoordeelkundige plasings deur leerders en personeellede in hulle privaat hoedanigheid nie, tensy die naam, handelsmerk of etos van die skool aangetas word of die skool in 'n slegte lig geplaas word.

## Sosiale media wat deur die skool vir gebruik goedgekeur is:

→ Webtuiste (www.psjf.co.za)
→ D6 kommunikeerder
→ Facebook (Primêre Skool Jim Fouché)
→ Instagram (psjf_bloemfontein)
→ Whatsapp (Personeelgroep, asook klasgroepe gestig deur personeel van Primêre Skool Jim Fouché)

## Riglyne vir die algemene hantering van sosiale media:

- Respekteer altyd ander se gevoelens, trots, privaatheid en belange en wees bedagsaam.
- Wees verantwoordelik – alles wat op sosiale media geplaas word laat 'n voetspoor wat nie uitgewis kan word nie, wat kan lei tot latere reperkussies.
- Vertroulike inligting – moenie vertroulike inligting rakende die skool en sy mense op 'n openbare platform plaas nie. Dit sluit in enige telefoonnommers, ID-nommers, adresse en skedules, asook boodskappe wat op die personeel whatsapp groep geplaas word.
- Respekteer die skool se identitas (brand), naam, wapen en uniform. Indien enige party met die skool verbind kan word, moet plasings waarmee enige negatiewe konnotasie gemaak kan word, vermy word.
- Moet nooit enige plasing maak wanneer jy moeg, moedeloos, kwaad, hartseer of seergemaak voel nie.
- In die geval van ongelukkig hede of probleme, probeer altyd eers die beproefde, direkte manier van kommunikasie.
- Wanneer jy van iemand anders verskil, hou alle opmerkings en kritiek opbouend en professioneel.
- Foto's waarop die skooluniform, -wapen of die skool se naam sigbaar is, moet die skool se etos en waardes weerspieël. **Toestemming om skool wapen te gebruik moet vanaf die beheerliggaam verkry word.**
- Moet geen wagwoorde met enige iemand deel nie.
- In die geval van navorsing, maak seker dat die regte persoon krediet kry vir sy / haar werk, opinies en idees.
- Plaas werk van hoë gehalte en goeie taalgebruik.
- Indien enige leerder 'n boodskap, foto, opmerking of enige iets anders aanlyn teëkom wat hom / haar ongemaklik laat voel, moet hy / sy dit onmiddellik aanmeld by 'n gesagspersoon.
- Indien enige informasie, sosiale kommunikasie, plasing of enige forum van sosiale netwerke enige van die personeel ongemaklik of bedreig laat voel, moet dit onmiddellik aangemeld word.
- Moenie 'n skakel na 'n webtuiste, video of dokument aanstuur sonder om dit noukeurig na te gaan en seker te maak van die inhoud daarvan nie.
- Neem deeglik kennis van sekuriteit waarskuwings wat verskyn wanneer daar op skakels geklik word.
- Boodskappe wat deur sinspeling die skool, leerders of personeel in 'n slegte lig stel is nie aanvaarbaar nie.
- Ouergroepe mag nie personeel, leerders of die skool in 'n negatiewe lig op sosiale media bespreek nie. Enige ongelukkighede moet direk by die skool aangemeld word vir oplossing van uitdaging.

## Sekuriteit en Privaatheid

1. Onderwysers, leerders en ouers wat sosiale media en sosiale netwerke gebruik het die verantwoordelikheid om vertroulike inligting en die skool se reputasie te beskerm. Dit is dus belangrik dat personeel hul persoonlike reputasie en die reputasie van skool sal beskerm deur te verseker dat hul persoonlike rekeninge op 'n verantwoordelike wyse gebruik word.

2. Personeel word aangeraai om sosiale netwerk uitnodigings van leerders versigtig te oorweeg aangesien dit hulle en die skool bloot kan stel.
3. Aanlyn kommunikasie op 'n individuele basis met 'n leerder moet sover moontlik vermy word, verkieslik slegs indien dit in skoolverband of op skool groepe is.
4. Indien enige personeellid bewus word van onaanvaarbare kommunikasie rakende enige leerder op enige sosiale media platform, moet dit onmiddellik by die leerder se registeronderwyser aangemeld word.

## Wanneer iets skeefloop

→ Stel enige fout so vinnig as moontlik reg en dui aan wat u gedoen het om die fout reg te stel.

→ Vra onmiddellik omverskoning vir verkeerde of foutiewe plasings.

→ Indien 'n fout begaan is – stel asseblief die skoolbestuur dadelik in kennis sodat stappe van die skool se kant af geneem kan word om die konsekwensies te beperk.

## Kuberboelies

**DIE SKOOL AS ENTITEIT DULD NIE BOELIES NIE.** Leerders wat hulle aan enige vorm van boelie skuldig maak sal volgens die skool se gedragskode hanteer word.

Geen e-posse, plasings en opmerkings op enige sosiale media wat ten koste van ander uitgestuur word, ander in 'n slegte lig stel of die skool se naam of etos aantas, kan aanvaar word nie.

## Gebruik van foto's

Alle partye behoort daarvan kennis te neem dat foto's wat by algemene skool funksies, byeenkomste, wedstryde en ander skool geleenthede geneem word vir die skool se brosjures, advertensies, sosiale media of publikasies gebruik kan word.

Alle nuwe leerders word hierna skriftelik gevra met inskrywing by Primêre Skool Jim Fouché en moet sodanig aandui op die inskrywingsvorms.

## Onwettige Gedrag

**Dit is onwettig om:**

- By identiteit diefstal betrokke te raak.
- Aan haat – of kultus webwerwe deel te neem.
- Gesteelde goedere op webwerwe te koop of te verkoop.
- Persoonlike inligting te onthul of vertroulike finansiële inligting met betrekking tot bank – en kredietkaarte bekend te maak deur onveilige om bedrieglike webwerwe te gebruik.
- Inligting wat 'n ander individu se reputasie of waardigheid in gedrang mag bring te publiseer; dit word ook as teistering beskou om iets te doen wat hulle weet benadeling van 'n ander persoon kan veroorsaak, het sy geestelik, sielkundig of fisies.
- En enige ander onwettige aktiwiteite wat so deur wetgewing beskryf mag word.

Ons glo dat hierdie beleid as riglyn vir alle rolspelers wat in assosiasie met die skool by sosiale media betrokke is of betrokke kan raak. Ons het groot waardering vir elkeen se begrip, samewerking en ondersteuning.

Beleid geteken te Bloemfontein op die 21ste dag van September 2022.

CMagnus

A. C Magnus
Beheerliggaam Voorsitter